Preektema: Die Here is ons sekuriteit sodat ons Hom kan dien.

Vooraf sang
Sb 1 – 2: 1,2,3.

Ontmoetingsdiens
Intreelied en Votum: Sb 12 – 3: 1,2
Seëngroet
Lofpsalm Ps. 105 – 1: Beurtsang: Vers 1 (Almal), vers 2 (susters) , vers 21 (broers) en vers 24 (almal).

Verootmoedigingsdiens.
Die Wet: lees uit Sb 9 – 1: 1 – 10
Ons skuldbelydenis sê almal hardop saam uit vers 11;
Sing ons toewyding aan die wet uit Ps. 112 – 2: 1,2.

Woorddiens
Gebed
Skriflesing; Sagaria 2
Teks: Sagaria 2: 4 - 8
Sing Ps. 119 – 1: 39,42
Woordbediening

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing in antwoord op die Woord uit Ps. 18 – 2: 1,3,4,7
Wegstuurseën
Sing Amen Sb 13 – 2.

Geliefde brs, srs en kinders

Verlede Sondagaand het die Here ons gevoel van magteloosheid teenoor wêreldmagte en kragte aangespreek deur ons te herinner dat Hy regeer.
Vanmore spreek die Here ons gevoel van weerloosheid aan.

Stel uself die volgende prentjie in u gedagtes voor: u as gesin is met vakansie by die see. Een oggend kry u skielik ‘n oproep van die bure wat u huis oppas met die boodskap: kom dadelik huis toe – hier is groot probleme. U pak inderhaas die motor en gaan terug huis toe. Daar gekom, sien u met groot skok dat u huis heeltemal afgebrand het – daar is net mooi niks oor nie. Van al jou besittings het jy net jou kar en jou vakansieklere oor – die res is weg.

Kan u u indink wat ‘n mens op daardie oomblik moet beleef? Jou huis, jou veilige hawe waar jy elke nag veilig jou gesin kon huisves en hulle kon versorg is weg. Jou huis wat amper jou hele bestaan as mens omsluit met alles wat vir jou kosbaar is – is weg.

Brs. en srs, mense wat dit beleef het sê daar is min dinge wat jou so beroof van jou sekuriteit – jou gevoel van veiligheid en die aanduiding van jou bestaan as wanneer jy jou huis op so manier verloor. Dis ‘n gevoel van absolute weerloosheid, onveiligheid en onsekerheid wat jou bestaan bedreig.

Iets hiervan moes die volk Israel beleef het toe hulle na 70 jaar in ballingskap teruggekeer het na hulle land. Alles was verwoes – dit wat hulle bestaan van tevore gekenmerk het was weg – afgebrand en vernietig. Dit tempel van die Here, die lieflike stad van Dawid, die stadsmure wat hulle moes beskerm, hulle eie huise en lewensbestaan – alles was weg. Die volk het totaal weerloos en uitgelewer gevoel.

Teen hierdie agtergrond kom die derde gesig van Sagaria met die eenvoudige boodskap: Die Here beskerm julle – Hy is julle sekuriteit. Maar Hy beskerm julle dat julle aan Hom diensbaar kan wees.

Toe die volk terug in Jerusalem tot verhaal kom was een van hulle vrese dat Jerusalem se mure nog plat lê. Dit het beteken dat hulle - in terme van daardie dae se veiligheidsituasie- geen beskerming teen hulle vyande gehad het nie. ‘n Stad se beskerming was sy hoë en sterk mure met die stadspoorte wat gesluit word om vyande buite te hou. En die volk het baie weerloos en bang gevoel. En dit is by hierdie vrese wat Sagaria aansluit met sy boodskap.

Die man in vers 1 en 2 met die maatlyn in sy hand wat Jerusalem se mates wil neem om die muur te bou dui op ons mense se behoefte om onsself met allerhande uiterlike dinge te wil beskerm. Ons wil mure om onsself bou om ons te beskerm. Ons vestig ons hoop op allerhande menselike planne, uiterlike veiligheidsstelsel en ook geestelike maatreëls dat die ons sou beskern.

Dit was ook Israel se probleem. Dit , ten spyte van feit, dat die Here 70 jaar gelede vir die volk deur die profeet Jeremia gesê het dat Hy juis die tempel en die mure van Jerusalem laat verwoes het omdat die volk hulle hoop daarop gevestig het. En nou wil hulle weer nuwe mure bou omdat hulle hulle hoop daarop vestig. 610 jaar later, in 70 na Christus, sou God die 2 de tempel ook laat verwoes omdat gelowiges toe steeds hulle hoop op uiterlike dinge gevestig het.

Geliefdes, ons word ook maklik mislei deur vir ons fisiese veiligheid op uiterlike dinge te vertrou. Omdat my huis beskerm word deur allerhande elektroniese waarskuwingstelsels voel ek dalk veilig, Omdat ek binne die mure van ’n sekuriteitskompleks woon voel ek veilig. Omdat ek sekuiteitsmaatskappy betaal om binne minute (hopelik) te reageer op my noodsien – voel ek veilig. Nee geliefde gemeente, dit is valse vertroue – ons moet ons vetroue op die Here stel.

Brs. en srs. ons bestaan word op ‘n ander manier ook bedreig. Ons bestaan word bedreig deur die feit dat ons geestelike huise, ons innerlike vestings,aangeval word. Mense beleef vandag dieselfde gevoel van weerloosheid en onsekerheid op geestelike en emosionele vlak. Ons waardesisteme word aangeval en bedreig! Dit wat God in sy Woord as beginsels gegee het word deur die samelewing afgebreek en vertrap en dit laat mens geestelike weerloos voel.

Alle gesagstrukture word bv afgebreek. Ouers voed nie meer hulle kinders op met respek vir gesag nie. In skole word dit vir onderwysers ’n nagmerrie. In die samelewing word alle stelsel wat gesag moet handhaaf die teiken van minagting en vertrapping. Politieke ontleders begin waarsku dat mense op grond van hierdie omverwerping van gesag die land onregeerbaar gaan maak. Die sg “power to the people” word ’n stryd tussen gesag en anargie.

Die gevolg hiervan is dat spanning in ‘n mens begin oplaai, die gevoel van weerloosheid maak mense bang.

Br en sr, die Here het toe vir Israel gesê en Hy sê nou vir ons: Julle moet nie julle vertroue op allerhande menslike dinge stel nie om julle te beskerm nie – nie fisies nie en nie geestelik nie – want God is soos ‘n muur van vuur rondom ons. Hyself bied aan ons beskerming, sekuriteit en troos. Die Here sorg vir sy volk – Hyself is die muur om jou – jy het nie stadsmure nodig nie.

Brs. en srs. – dink net vir oomblik aan die beeld: jy met al jou vrese, jou bekommernis, die gevoel van weerloosheid en moedeloosheid wat swaar in jou lê, jy, met die ervaring van jou eie onvermoë – en skielik sien jy - met jou geloofsoë – hoe God romdom jou staan soos ‘n muur van vuur – ondeurdringbaar – absoluut veilig. Hoekom sal ons dan nog vrees en onveilig voel? God beskerm ons.

Natuurlik brs. en srs. beteken hierdie beskerming van God nie dat ons onsself fisies en geestelik moet beskerm nie. Ons bly mense wat in ‘n wêreld vol fisiese en geestelike bedreiging lewe en ons moet alles in ons vermoe doen om onsself te beskerm. Maar ons hoop moet nie op hierdie dinge gebou word nie.

Net soos ons ons hoop bou op die versoeningswerk van Jesus Chistus omdat ons weet ons kan niks aan ons eie saligheid doen nie. Dit is ons geloof in die versoeingswerk van Christus wat ons salig maak. Net so ook ons vertroue op God se daaglikse beskerming

Brs. en srs. Die Here neem dikwels hierdie uiterlike vorme van beskerming weg sodat ons sal leer om op Hom alleen te vertrou vir ons veiligheid, ons krag, ons hoop, ons rus en vrede. Hy skop my - soos die arend van Deut. 32 - uit die veiligheid van die nes sodat ek leer om op die vlerke van my geloof in Hom te vetrou.

Brs. en srs.: laat ons dan nie langer vrees en weerloos voel nie! Die Here is soos ‘n muur van vuur rondom ons. Hy beskerm ons en sal ons veilig hou. In vers 8 gebruik die Here ‘n

beeld: Hy sê: ons is sy oogappel. Die gelowiges wat op God vertrou is vir die Here kosbaar – Hy sal nie toelaat dat iemand aan ons vat nie. Soos ‘n Vader oor sy lieflingskind sê Hy: Wie aan jou vat , vat aan my oogappel – Ek sal dit nie toelaat nie.
2,
Maar ons moet ook weet dat die Here ons vir ‘n spesifieke doel bewaar. Ons moet naamlik aan Hom diensbaar wees. Die Here wil nie hê dat ons allerhande mure om ons bou nie – want dan kan ons nie behoorlik ons roeping vervul nie. Wie op die aardse vertrou waag dit nie buite die veiligheid wat die aardse dinge hulle bied nie en kan daarom nie bruikbare instrumente in die hand van die Here wees nie. Daarom sê die Here in vers 4 en 11 dat die gelowiges soos ‘n oop stad sal wees waarheen die nasies sal stroom.

Die kerk en gelowiges moet juis daar buite in die wêreld met die Woord diensbaar wees. Daarom breek die Here dikwels ons skanse af sodat ons blootgestel kan word aan die wêreld en ons roeping daar kan vervul. Die belofte van die Here se beskerming maak gelowiges nie passief nie, maar dwing hulle juis tot aksie. Dit blyk baie duidelik uit verse 6 – 9 van ons tekshoofstuk.

Hier praat die Here met die grootste deel van die volk wat verkies het om in Babel agter te bly. Die lewe daar het vir hulle gemaklik en aanvaarbaar geword en hulle het nie belang gestel om terug te keer na hulle eie land toe nie. Hulle het hulle eie belange bo die van die Here gestel.

Vir hulle sê die Here: bekeer julle en kom terug. Hy sal nie die sonde – dit is Babel – ongestraf laat bly nie en daarom moet hulle terugkeer en die Here kom dien. Hulle mag nie hulle eie belange bo die van die Here stel nie.
Brs. en srs, ons mag nie die veiligheid van God se belofte wil geniet maar ook nie diensbaar wil wees nie. Sy beskerming is juis daar sodat ek Hom met oorgawe kan dien. Daarom roep die Here ook elkeen van ons dan nou op om ons eie belange nie bo ons dienswerk in die Koninkryk van God te stel nie.

Brs. en srs, hierdie eie belange sny diep, in alle fasette van ons lewe. Eie belange bo gehoorsaamheid aan God vernietig huwelike, die breek verhoudinge tussen ouers en kinders. Dit dryf mense weg van mekaar en bring haat, jaloesie en rusie. Eie belange bo diensbaarheid aan God kan ook ‘n volk en ‘n land vernietig en in chaos dompel. Eie belange brs. en srs. kan jou so besig met die dinge van die wêreld dat jy van God vergeet.

Geld word belangriker as liefde. Werk word belangriker as mense. Tyd word belangriker as bid.

Daarom roep die Here ons ook met voorbereiding vir Nagmaal dringend op: laat ons ons prioriteiete regkry. Laat ons eers aan God gehoorsaam wees –dan sal ons ook sy beskerming ervaar. As ons dit doen brs. en srs. dan is daar minder druk op ons, minder angs, stres, moedeloosheid en vrees. Kom ons luister dan vir die Here en wees so waarlik diensbaar aan Hom.

Miskien huiwer u en is u bang.
Luister dan na die woorde van vers 10 en verder:
“Juig Sion en wees bly: Die Here is hier”. Hy is hier by ons. Hy het sy belofte aan Israel vervul toe Sagaria vir hulle gesê het: Die Here kom. In Christus het na hierdie wêreld toe gekom en deur die dood die duiwel oorwin, sy Koninkryk gevestig en as Oorwinnaar opgevaar na die hemel vanwaar Hy oor ons regeer. Hy steeds hier deur sy Gees wat in

ons woon en wat hierdie geloofsekerheid bewerk en ons verlos van ons gevoel van weerloosheid!

En niks sal hierdie heerlike teenwoordigheid van ons Koning omverwerp nie.

Nie die grootste persoonlike krisis wat jy ervaar nie, nie die heel opspraakwekkendste ding van in ons land se geskiedenis kan gebeur nie. Daarom, br. en sr., juig en wees bly. Die Here is hier. Hy woon deur sy Gees in jou en daar werk Hy geloof en vertroue.

Kom ons hef dan nou ons geloofsoë op – sien die muur van vuur en weet dat God hier is. Kom ons wees bly en juig voor die Here. Kom ons los die swaarmoedigheid, laat staan die vrees en bekommernis. Kom ons laat ons eie belange en dien die Here met blyskap.

Want: brs. en srs. – Die Here is hier – die Here is hier om ons – soos n muur van vuur – Glo dit en vertrou daarop.

Amen.